**Skriflesing Efesiëres 2 vers 1 tot 10**
**Tema Hou op probeer (net genade)**

Ons vier hierdie jaar 500 jaar van Reformasie. Een van die groot Hervormers was Martin Luther. Martinus Luther van Mansveld is op 10 November 1483 in Duitsland gebore. Sy pa, Hans, was 'n mynwerker. Hy het as deel van die werkersklas arm grootgeword. In 1497, toe hy 14 jaar oud was, het hy in die skool vir die eerste keer met 'n volledige Bybel in aanraking gekom. Dit het 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak.

Na skool was hy 'n briljante student. Hy het sy BA-graad in Regte in 2 jaar verwerf. Op 22 jarige leeftyd is hy byna deur weerlig raakgeslaan. Hy het hom op die heilige Anna beroep en belowe om 'n monnik te word indien die Here sy lewe sou spaar. In 1509 het hy 'n graad in Teologie ontvang en drie jaar later is 'n doktorsgraad in Teologie aan hom toegeken.

Luther het 'n geweldige innerlike worsteling gehad. Hy het gesê: "Ek was 20 jaar lank 'n monnik en het myself geteister met gebede, vas, wake en koue tot so 'n mate dat ek amper van die koue gesterf het ... Wat anders was dit as 'n soeke na die ware God...?"

Hoe meer Luther egter na die ware God gesoek het, hoe minder kon hy Hom vind. Dit het Luther laat verklaar dat hy God nie liefhet nie, maar eerder haat. Min het hy geweet dat die God soos aan Hom voorgehou is net 'n verwronge voorstelling was van die ware God wat Hom in Christus Jesus aan die wêreld kom bekend maak het.

Luther het die ware en regverdige God ontdek toe hy Romeine 1 vers 16-17 bestudeer het. "16 Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood.
17 In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: "Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe."

Hy het besef dat goeie dade, geestelike leiers, die aflaatstelsel en die hou van sakramente 'n mens nie kan red soos wat die Rooms Katolieke Kerk verkondig nie . Die Rooms Katolieke Kerk was die kerk van die dag. Die Bybel was net in Latyn vir die geleerdes beskikbaar. Gewone gelowiges het nie Bybels gehad nie en kon ook nie Latyn verstaan nie. Dit was een van die redes waarom dwaalleer so floreer het.

Luther het uit die bestudeer van die Bybel besef dat God mense uit genade red enkel en alleen omdat hulle glo. Hierna was daar nie omdraaikans nie. Op 31 Oktober 1517 (hierdie jaar 500 jaar gelede), spyker Luther, toe 34 jaar oud, sy 95 stellings aan die kerkdeur in Witteberg vas. Die Bybel was verlore in die kerk, maar God het hom en baie ander gebruik om Sy suiwer evangelie soos in die Bybel opgeteken staan, te herontdek. Luther baie tyd en energie gebruik om die Nuwe Testament in Duits te vertaal sodat almal die Bybel kon lees.

Die Luther Roos was 'n simbool en ook 'n opsomming van sy teologie. Luther verduidelik die Roos soos volg: "Sentraal was 'n swart kruis in 'n rooi hart, sodat ek self herinner word dat geloof in die Gekruisigde ons red. Een wat uit die hart glo, sal geregverdig word. (Romeine 10 vers 10).
So 'n hart moet in die middel van 'n wit roos staan om te wys dat geloof vreugde, troos en vrede bring. Met ander woorde, dit plaas die gelowige in 'n wit, vreugdevolle roos, want hierdie geloof gee vrede en vreugde soos die wêreld nooit kan gee nie (Johannes 14 vers 27). So 'n roos moet in 'n lugblou veld staan, wat simboliseer dat so 'n vreugde

in gees en geloof die begin is van die hemelse toekomstige vreugde wat nou reeds begin. En rondom hierdie veld is 'n goue ring wat simboliseer dat die seën in die hemel vir ewig bestaan en geen einde het nie. Sulke seën is uitsonderlik, bo alle vreugde en goedere, net soos goud die waardevolste, kosbaarste en beste metaal is. "

**Ons gaan hierdie semester die vrug van die Hervorming vier en ons skop af met die tema: Hou op probeer (genade alleen)**

**Skriflesing:** Efesiërs 2 vers 1 tot 10

In hierdie verse word ons toestand, lewenswyse en toekoms voor die Vader, Seun en Heilige Gees beskryf en ook ons toestand, lewenswyse en toekoms wanneer ons ons lewens in geloof oorgegee het aan die Vader, Seun en Heilige Gees.

**Voor die Vader, Seun en Heilige Gees:**

**Toestand**

Ons was dood as gevolg van ons oortredings en sondes.

**Lewenswyse**

Ons het gelewe soos die sondige wêreld. Ons het ons laat lei deur die duiwel en ons sondige begeertes. Ons het sonde gedink en gedoen. Dit was die storie van ons almal se lewens.

**Toekoms**

Ons toekoms was die hel.

**In die Vader, Seun en Heilige Gees:**

**Toestand**

Ons lewe opgewek uit die dood. Ons is gered en vreugdevol vry van sonde en dood.

**Lewenswyse**

Ons het niks om self op trots te wees nie. Ons is trots oor God. Die fokus van ons lewens val op God.

Ons leef 'n lewe vol vreugde, troos en vrede. God het ons in Christus geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waartoe Hy ons bestem het.

**Toekoms**

Saam met Christus het ons 'n plek in die hemel.

"Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." (Romeine 6 vers 23)

Wie bring ons van 'n lewe ***voor*** die Vader en die Seun en die Heilige Gees na 'n geloofslewe ***in*** die Vader en die Seun en die Heilige Gees? Dit is 'n geskenk van die **Vader, Seun en Heilige Gees.** Wanneer God met jou paaie kruis, is jy nooit weer dieselfde nie.

**Vader**

Die Vader is ryk aan barmhartigheid en het ons innig lief. Redding is 'n gawe van God.

**Seun**

Ons is saam met Jesus Christus lewend gemaak. Drie maal lees ons in die Skrifgedeelte dat ons uit genade gered is.

**Heilige Gees**

Die Gees werk in ons Sy vrug wat lei tot goeie dade.

Dit is hierdie geskenk wat die Vader, Seun en Heilige Gees ons gee en ons lewens nuut maak. Geloof is die leë hande waarmee ek die geskenk, wat God vir my wil gee, aanvaar. Daarna is my lewe een groot dankie vir dit wat Hy vir my gegee het.

Het jy al God se geskenk in geloof aanvaar?

**Amen**